**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We are honest.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2020: JAAR VAN DIENS-UITNEMENDHEID!

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VIRTUELE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 09 JULIE 2020 OM 10:00 VANAF PIKETBERG.

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. JWA Kotzee | : | Munisipale Bestuurder (waarnemend) |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. AW Rheeder | : | Direkteur Korporatiewe Dienste (waarnemend) |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat & Rekordsbestuur |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie |
| Mev. J Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**BKN001/07/2020**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Die Voorsitter open die vergadering met 'n minuut van stilte, waarna hy almal verwelkom by die virtuele vergadering.

***

**BKN002/07/2020**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Adv. H Linde – spesiale verlof

***

**BKN003/07/2020**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die waarnemende Munisipale Bestuurder verklaar dat by uitsondering van die Direkteure Tegniese Dienste, Finansiële Dienste en Gemeenskapsdienste, alle amptenare teenwoordig 'n kollektiewe belang het by die tweede dringende item **(BKA011)** wat bespreek sal word.

***

**BKN004/07/2020**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING GEHOU DINSDAG 24 MAART 2020, DONDERDAG 26 MAART 2020, VRYDAG 29 MEI 2020, DONDERDAG 11 JUNIE 2020 EN DONDERDAG 25 JUNIE 2020</u>**
**3/3/2/2**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die notule van die vorige vergadering, soos gehou Dinsdag 24 Maart 2020, Donderdag 26 Maart 2020, Vrydag 29 Mei 2020, Donderdag 11 Junie 2020 en Donderdag 25 Junie 2020, bekragtig word, onderhewig aan die volgende regstelling:

- Dat Mev A van Sittert byvoeg word by die teenwoordigheidslys op al die notules.

***SENIOR TIKSTER (JM. ROSENBERG)***

***

**BKN005/07/2020**
**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 24 MAART 2020, DONDERDAG 26 MAART 2020, VRYDAG 29 MEI 2020, DONDERDAG 11 JUNIE 2020 EN DONDERDAG 25 JUNIE 2020</u>**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei word ter tafel gelê – Aanhangsel A)***

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in en gee kortliks mondelings terugvoer, waarna hy almal bedank vir die afhandeling van besluite.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN006/07/2020**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/07/2020**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter bedank die Raadslede en Amptenare vir die goeie prestasies wat Bergrivier Munisipaliteit behaal het om as die 3de beste munisipaliteit in die Wes-Kaap en as die 8ste beste munisipaliteit in die land aangewys te word.

Die Voorsitter noem dat die Premier van die Wes-Kaap positief getoets het vir Covid-19 en versoek die waarnemende Munisipale Bestuurder om dringend stappe/prosesse in plek te sit om die persone ouer as 60 en werkers met onderliggende kroniese siektes se veiligheid te verseker teen die voorkoming en opdoen van die Covid-19 virus.

***WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER***

Die Voorsitter meld dat moontlike arbeidsonrus in Velddrif kan onstaan, omdat verskillende werksure in die direktoraat Tegniese Dienste by die onderskeie dorpe toegepas word.

Verder versoek die Voorsitter dat die Direkteur Tegniese Dienste die aangeleentheid bespreek met die betrokke personeel met verwysing na die goedgekeurde gewysigde werksplan vir vlak 3 van die nasionale inperking ten einde alle moontlike vrae/kwessies op te los.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

Die Voorsitter spreek sy bekommernis uit oor die tekort aan brandweerpersoneel en versoek die Direkteur Gemeenskapsdienste om die implementeringsplan en toepaslike persone daar te stel om die brandweerfunksie op standaard te bring om ten volle te kan funksioneer ten opsigte van brandbestreiding in Bergrivier Munisipale gebied.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN008/07/2020**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN009/07/2020**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN010/07/2020**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: WATERREKENINGE JUNIE 2020**
**9/1/2**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in, waarna die Direkteur Finansiële Dienste addisionele inligting verskaf tot die item.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die Direkteur Finansiële Dienste toesien dat daar onmiddellik met die publiek gekommunikeer word, om foute/probleme op hul dienste rekeninge reg te stel met besonderhede van kontakpersone by die onderskeie dorpe; en
2. Dat dieselfde prosesse gevolg word by alle dorpe deur voorkomend op te tree en dat navrae na die verantwoordelike amptenare deurgegee word vir afhandeling.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN011/07/2020**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: EXEMPTION APPLICATION: SALARY INCREASES 2020/21 – MUNICIPAL STAFF**
**9/1/2**
***(The report as previously electronically distributed is tabled in the meeting – Annexure B)***

The Chairperson gave a brief background of the item under discussion, whereafter the Speaker and Director Financial Services gave feedback from the meeting as held with SALGA.

Various inputs and comments were made by the Committee members.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That after due consideration, taking into account the facts provided by SALGA during the preparation meeting held on 08 July 2020, that Council is advised to withdraw the application for exemption for salary increases for the 2020/21 financial year;
2. That the council decision RVN014/06/2020 be rescinded;
3. That the SALGBC and SALGA be informed that Bergrivier Municipality withdraw the ajpplication for exemption before 16 July 2020; and
4. That the Salary and Wage Collective Agreement, with regards to the 2020/2021 salary increases, be implemented.

***

**BKN012/07/2020**
**MEMBERS OF THE BERGRIVIER MUNICIPAL PLANNING TRIBUNAL (MPT)**
**15/1/7**

The Portfolio Chairperson, Councillor Daniels gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That the content of the report is noted; and
2. That the following members be appointed for an addition term serving on the Municipal Planning Tribunal (MPT), as follows:

**Internal Members-**

Municipal Manager, Ms Hanlie Linde (Chairperson) (*appointed for additional period calculated from date of this resolution until one year after next local government election, but not exceeding 5 years*);
Director Corporate Services, Mr JWA Kotzee (Vivian) (Deputy Chairperson) (*appointed for additional 5 year period*).

**External Members-**

Provincial Government, Ms Susara (Saar) van der Merwe (*appointed for additional 5 year period*);
West Coast District Municipality, Ms Doretha Kotze (*appointed for additional 5 year period*).

***

**BKN013/07/2020**
**VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: 'N GEDEELTE VAN EENDEKUIL GEMEENSKAPSAAL**
**PLAAS 71/56**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat 'n gedeelte van Eendekuil Gemeenskapsaal (wat tans aangewend word as kleuterskool) nie vir Munisipale doeleindes benodig word nie;
2. Dat die Raad se voorneme om 'n Gedeelte van Eendekuil Gemeenskapsaal (Plaas 71/56) aan Klikbekkies Kleuterskool te verhuur vir 9 jaar en 11maande, teen R100.00 per maand (BTW ingesluit), geadverteer word vir 30dae, vir publieke kommentaar/beswaar;
3. Indien besware ontvang word sal die item terug verwys word na die Raad vir finale oorweging; en
4. Dat 'n terugval klousule wat soos volg lees. . "**Indien die bate nie verder as bewaarskool aangewend word nie, mag die huurooreenkoms gekansselleer word deur wedersydse bilike kennis van 30dae te gee**", as voorwaarde in die kontrak vervat word sou die Raad die verhuring toeken by punt nommer (c).

***

**BKN014/07/2020**
**VERHURING VAN MUNISIPALE GROND ERF 3291 PIKETBERG**
**PB. 3291**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat Erf 3291 Piketberg nie vir Munisipale doeleindes benodig word nie;

2. Dat die Raad se voorneme om Erf 3291 Piketberg aan Babbel & Krabbel Bewaarskool te verhuur vir 9 jaar en 11maande, teen R100.00 per maand (BTW ingesluit), geadverteer word vir 30dae vir publieke kommentaar/beswaar;

3. Indien besware ontvang word sal die item terug verwys word na die Raad vir oorweging van die besware; en

4. Dat 'n terugval klousule wat soos volg lees. "**Indien die bate nie verder as bewaarskool aangewend word nie, mag die huurooreenkoms gekanselleer word deur wedersydse bilike kennis van 30dae te gee**", as voorwaarde in die kontrak vervat word sou die Raad die verhuring toeken by punt nommer (c).

***

**BKN015/07/2020**
**NOTULE VAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: DINSDAG 03 DESEMBER 2019 EN DINSDAG 04 FEBRUARIE 2020**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Gemeenskapsdienste Komitee se vergadering wat gehou is op Dinsdag 03 Desember 2019 en Dinsdag 04 Februarie 2020, soos voorgelê.

***KLERK: KOMITEES (V. WILLEMS)***

***

**BKN016/07/2020**
**NOTULE VAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: DINSDAG 03 DESEMBER 2019 EN DINSDAG 04 FEBRUARIE 2020**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Tegniese Dienste Komitee se vergadering wat gehou is op Dinsdag 03 Desember 2019 en Dinsdag 04 Februarie 2020, soos voorgelê.

***KLERK: KOMITEES (A. BEUKES)***

***

**BKN017/07/2020**
**NOTULE VAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 04 DESEMBER 2019 EN WOENSDAG 05 FEBRUARIE 2020**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Korporatiewe Dienste Komitee se vergadering wat gehou is op Woensdag 04 Desember 2019 en Woensdag 05 Februarie 2020, soos voorgelê.

***KLERK: KOMITEES (A. BEUKES)***

***

**BKN018/07/2020**
**NOTULE VAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 04 DESEMBER 2019 EN WOENSDAG 05 FEBRUARIE 2020**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Finansiële Dienste Komitee se vergadering wat gehou is op Woensdag 04 Desember 2019 en Woensdag 05 Februarie 2020, soos voorgelê.

***KLERK: KOMITEES (V. WILLEMS)***

***

**BKN019/07/2020**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***(Die vergadering verdaag, waarna die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en die waarnemende Munisipale Bestuurder In-Komitee besprekings voer.)***

**BKN020/07/2020**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN021/07/2020**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN022/07/2020**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN023/07/2020**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

*******

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:00***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***